Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, December 18, 2022

Page: 16





Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

# Geldpraatjies by die braaivleisvuur

## Ligloop vir 'Salomo's' en die taks-'kenners'

Die skape en die beeste en die varke en die hoenders (vir dié wat nie van vleis hou nie) het teen dié tyd al hul kant gebring om van hierdie 'n wonderlike ná-Covid-braai-Kersfees te maak.

Ons Afrikaanssprekendes is lief vir die sis van vetjies wat op die kole drup. Met 'n glasie watookal in die hand. En gesels.

Oor politiek. Oor rugby. En as dit "laat" raak oor geldsake.

Oor politiek wil ek my nie uitlaat nie. Dis meestal 'n onderwerp vir die klagatte. Ek vermy hulle. My tyd hier is te beperk om na 'n gekerm te luister. Politiek is verdelend.

Rugby? Ja. Sport bind mense. En ons rugby-entoesiaste kan vanjaar weer lekker om die vuur staan en Wêreldbekerspan kies.

Geldsake is 'n onderwerp wat gereeld opduik by 'n lekker laatnag-gekuier langs die vuur. Onthou net, sommige het teen daardie tyd al die wysheid van sewe Salamo's gesluk.

Soos die aand vorder, verloor ons mos maar soms bietjie fokus.

Jou finansiële verantwoordelikheid het nie die ruskans wat ek en jy oor die Kerstyd het nie. Dit bly staan. Dit skakel nie af nie.

Koes dus vir hierdie geselspunte.

### Beleggingsopbrengs

Loop lig vir "braaivleisvuur-opbrengste". Die aanknopingspunt is gewoonlik een van twee.

As sy belegging 'n besonderse prestasie gelewer het: "Ek het die regte besluit op die regte tyd geneem. Ek is briljant."

Of so iets.

As die belegging swak presteer het die afgelope jaar: "My makelaar het nie 'n idee wat hy doen nie. Onnosel vent. Ek gaan hom in die pad steek."

Die eerste een is die gevaarlike een.

Pasop ook as jou kole-vriend spog oor buitensporige hoë groei op sy belegging.

Hy is dalk in die een of ander Ponzi-skema belê. Of dalk het hy 'n "pakkie" diamante gekoop wat hy glo hy kan teen 200% wins verkoop.

Voordat jy jou pyp met sulke twak stop, dink daaraan dat hy waarskynlik een van die eerste "beleggers" in 'n bedenklike skema is. Een van dié wat 'n "hoë opbrengs" moet kry om die aanbieding aanloklik te laat lyk vir ander. Die uiteindelike slagoffers. Mense soos jy.

Moenie dat jy een van die "ander" word nie. Dis 'n verloorpad. 'n Eenrigtingpad. Jy kan 'n lewe se spaargeld met een onnosele besluit uitwis. So seker as wat daardie rooi braaikole in vaal as gaan eindig.

As jou belegging dalk die afgelope jaar nie so goed presteer het soos jy graag sou wou nie, dink aan 'n mark wat soos 'n beer met 'n seer tand net loop en skade aanrig het. Vir 'n baie lang tyd.

Wees geduldig. Ek is seker die meeste mense kan reeds 'n opwaartse kurwe sien. Die beer is besig om 'n bul te word, soos wat ek twee weke gelede hier geskryf het. As jy reg belê is, kan jy vind dat jy in een maand groter groei in jou belegging wys as ander wat konserwatief belê is oor 'n jaar.

Inderwaarheid, ons het oor die afgelope paar weke gesien dat die JSE se alle-aandele-indeks op sommige dae meer groei gelewer het as wat jy vir 'n hele jaar op 'n geldmarkfondsbelegging sou kry. Op een dag. En daar was 'n paar van hulle.

### Lewensversekering

Ek is seker die meeste van ons wat al om 'n braaivuur gestaan het, het al dié storie gehoor: "Die versekeraars is 'n klomp skelms. Ek het, of gaan, my polisse kanselleer. Hulle vat net jou geld en jyself kry niks daaruit nie."

Dit is onverantwoordelik. Dit is selfsugtig. Dit is dom.

Jou lewenspolisse het twee doele.

Eerstens, om jou verpligtings na te kom. Skuld, belastings en onderhoud. Jy wil tog sekerlik nie jou naasbestaandes met jou geldprobleme agterlaat nie, of hoe?

Tweedens, wat ek dink min mense besef, is dat 'n lewenspolis ook 'n goeie spaarmedium is.

Dit is seker geld. Jy weet vir seker dat die "spaargeld" vir jou naasbestaandes reeds daar is. Jy hoef nie te sukkel met markskommelings en tyd aan jou kant nie. Dit is kontraktueel vasgemaak.

Dit is seker geld. Jy weet vir seker jy sal doodgaan. Nee, jy gaan nie "iets oorkom nie". Jy gaan dood. Al wat onseker is, is wanneer. Dit kan vanaand wees.

Jy het die gemoedsrus dat hulle nie gaan sukkel met geld nie. Jy kan hulle in 'n beter geld-posisie los as waarin jy was.

Daar is meer huise en plase afbetaal met versekeringsgeld, glo ek, as wat mense in lewe skuld terugbetaal het.

### Belasting

My laaste geselspunt om voor te koes gaan oor belastingstories. Gewoonlik is dit "slim" planne oor hoe om belasting te vermy, indien nie op misdadige wyse te omseil nie.

As jy ook streke begin uithaal, kan jy dalk vind dat jou hande met boeie versier gaan word nog voordat hulle volgende jaar se braaivuur kan aansteek.

Eerlike mense spog nie sommer met belastingbeplanning nie. Dit sou beteken dat hulle hul ware geldsake daar langs die braaivleisvuur moet blootlê. Ons almal is te beskeie daarvoor.

Die ou wat spog met sy belastingskemas is die grootbek wat besig is met truuks. Glimlag en gaan draai die rooster.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.